# Gans Berg Nuus/News

PRYS/PRICE R10.00

Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos,
Elim, Bredasdorp, Napier, Van Brakelstoor,Hermanus, Stanford

23 Desember 2022 127ste Uitgawe


# Storm-waarskuwings kortwiek toe nie Gans-Berg Nuus Boere Expo...













Storm-waarskuwings verlede week, die een na die ander plus nog 'n paar, kon nie die beplande Gans-Berg Nuus Boere Expo in die wiele ry nie. Michelle van Zyl, eienaar van Gans-Berg Nuus, het vas bly staan by die besluit om die Boere Expo op Vrydag, 16 Desember 2022 te Lomond Wynlandgoed aan te bied - die fondsinsameling van die dag was ten bate van die Strandveld Plaaswag te Baardskeerdersbos.

“Desondanks enkele stalletjie-kansellasies as gevolg van die weervoorspellings, het baie van die besighede wel saamgestaan en Vrydagoggend vroeg reeds opgedaag, die weer bekyk en besluit hulle kyk hoe die dag verloop.

Dit was vroeg-vroeg duidelik dat dit 'n heerlike sonskyndag gaan wees. Lyndansers het dansvermaak verskaf, met baie voete wat maar net nie wou stilstaan met die opgewekte bewegings en musiek nie. Kinders het heerlik op Lomond se groen grasperke baljaar en vergeet nie van BARC (Birkenhead Animal Rescue Centre) se hondjies wat tog te oulik vir die kinders was. Die stalletjie-houers wat deurgedruk het, het allerlei interessante items te koop aangebied. Dan was die lug ook gevul met verleidelike kosreuke en -geure wat besoekers maklik agter hulle neuse laat aan loop het. “Laaste, maar nie die minste nie, was die opgewekte agtergrondmusiek om die dag op te kikker.

Besighede, organisasies en instansies wat die dag opgeoffer het om deel van hierdie eerste Gans-Berg Nuus Boere Expo te wees, word van harte deur Gans-Berg nuus se personeel bedank, asook die besoekers wat die besonderse geleentheid kom ondersteun het. “Baie dankie ook aan Lomond Wynlandgoed en die personeel, dit was 'n groot sukses. “Ek wil ook dankie sê aan my flukse kantoordames wat hard saam met my gewerk het om 'n sukses van die dag te maak - dankie 'girls'!”

So tussen Gans-Berg Nuus, die sakelui en die gemeenskap: dit blyk dat groot planne nou reeds in die pyplyn vir volgende jaar is - Ons is vasbeslote om die Boere Expo 'n jaarlikse instelling te maak. Ons rig nou reeds 'n uitnodiging dat volgende jaar se Boere Expo by alle belangstellendes se 2023-beplanning ingesluit sal word. My kontakbesonderhede is ads@gansberg.co.za of skakel haar by 078 010 8286.

**Michelle van Zyl**


Judith 074 690 6882 | Erna 076 558 8997 | **BAY TYRES** BEST PRICES & SERVICE IN TOWN | André 072 717 6004



**• PASSENGER • SUV • 4 X 4 • TRUCK & OTR TYRES**

•3D WHEEL ALIGNMENT - SPECIALIST TECHNICIAN • ALL SUSPENSION RELATED REPAIRS • MINOR SERVICES
• CV JOINTS • BRAKES • RUBBERIZING • RACK ENDS • SHOCKS

• PUNCTURE REPAIRS • WHEEL BALANCING & WHEEL ROTATION
ALL PREMIUM TYRE BRANDS AVAILABLE

Continental · BRIDGESTONE · YOKOHAMA · Firestone · GOODYEAR · DUNLOP

**EXHAUST REPLACEMENT & REPAIRS**

*21 MAIN ROAD, GANSBAAI*

DUNSTON PAINTERS
SEËL + VERF VAN MURE (BINNE/BUITE) + DAKKE
VERWYSING OP AANVRAAG
Mike: 063 708 4283 / Ellen 072 623 3932

Walker Bay PEST CONTROL SINCE 1996
028 316 3010 • 082 894 4652
office@wbpestcontrol.co.za
Beetle Inspections, Fumigations & Treatments
Household & Industrial Pest Control
Registered with the Department of Agriculture & SAPCA

BAREND'S
STEELWORK & MAINTENANCE
OVERBERG 076 128 4457

# Vriendelike Padblokkade -Eers verwarring, dan verrassing-

Die jaarlikse 'vriendelike' padblokkades by die De Kelders-afrit, lewer gereeld interessante gesigsuitdrukkings van bestuurders en passasiers in hul motors op. Gewoonlik is dit: "Aggenee, ons is amper by ons bestemming, wat is dit nóú met hulle?!" Dan die veranderde gesigsuitdrukking met breë glimlagte: "Haai, maar dit is nou 'n vriendelike gebaar van die Gansbaaiers!"




Vriendelike Padblokkades is jare lank al 'n instelling in ons dorp en is die inisiatief van Gansbaai Toerisme. Verskeie rolspelers is jaarliks betrokke. Eerstens is daar natuurlik die polisiebeamptes en verkeersmanne - hulle laat die wenkbroue gewoonlik lig en daar word skielik gekrap vir bestuurderslisensies en dies meer.

Dan die aangename verrassing: "Baie welkom in Gansbaai. Ons vertrou julle gaan 'n aangename vakansie by ons deurbring!" 'n Entjie verder af in die ry, is daar vriendelike gesigte wat die besoekers ook welkom heet en 'n gratis pakkie oorhandig. Die inhoud van die pakkies is onder andere nuusbrokkies en inligting oor Gansbaai, brosjures van instansies en besighede en inligting oor besienswaardighede deur onder andere Gans-Berg Nuus, Just Property, Seef Eiendomme, Marine Dynamics, Whalecoast Brewing Company, Gansbaai Courant, Gansbaai Couriers, Gansbaai Book Exchange, Gansbaai Golfklub en Gansbaai CPF. Die sakke vir die inligting, is deur Gansbaai Superspar geborg.

Teenwoordig was onder andere Gans-Berg Nuus, Marine Dynamics, Pikkie van APSS, raadsdame Riana de Coning en raadslid Steven Fourie, saam met die Gansbaai Toerisme-span. Vir orde, veiligheid en ongevalle was dit die verkeersbeamptes, SAPD, Wetstoepassers, St Johns Ambulansdienste en Gansbaai Medix. Weer eens vanaf Gans-Berg Nuus, 'n hartlike welkom aan al ons besoekers en ons vertrou dat julle 'n aangename vakansie by ons sal geniet.

**Hardus Botha**







The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

Trawler's Pizza
-Soft Serve -Slush Puppies
066 078 4340
6 Dirkie Uys Straat, Gansbaai, 7220

# Overstrand Bioblitzing



The Overstrand took part in the Great Southern Bioblitz (GSB) for the second time and came first in the entire Southern hemisphere.

A Bioblitz is an event that focuses on finding and identifying as many species as possible in a specific area over a short period. During a BioBlitz, scientists and community members work together to get a snapshot of an area's biodiversity. These events can happen in almost any geography- urban, rural, or suburban - in areas as small as a backyard or as large as a country.

During the four days of the GSB, the 171 observers in the Overstrand recorded 19 808 observations and a total of 2 623 different species.

To celebrate the GSB's resounding success, the organisers for the Overstrand Bioblitzes, - both the annual Great Southern Bioblitz (GSB) and the City Nature Challenge (CNC) - Jenny Parsons, Di Marais, Sandy Immelman and Magriet Brink met with Overstrand Executive Mayor, Dr Annelie Rabie to share their joy. They also introduced Adele Scheepers, a resident from Betty's Bay, to the mayor. Adele not only obtained the highest number of observations over the bioblitz (1 265) but the highest number of species too (429).

The organisers once again thanked everyone who assisted, organised outings, took photos and helped with the identifications. “Our incredibly diverse biosphere has been recognised worldwide through this, which will assist with conservation efforts as well as eco-tourism,” Sandy Immelman said.

**Cllr. Clinton Lerm (Overstrand Mayco)**

There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus
028 316 1659
23 Main Road, Kleinmond
028 271 4971
Barnhouse, 33 Main Road, Gansbaai
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford
028 34 101 34
082 322 0874

BLINDS & FLOORING studio
T 028 384 3898
C 082 417 5590
Shop 2, Protea Centre, Main Road Gansbaai
Call us for a FREE quotation
We do Blinds, Shutters, Awnings, Carpets, Flooring
info@blindsflooring.co.za

Overberg Scaffold & Machine Hire
Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area. Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

# Realtors International hand aan hand saam met Gansbaai Elf's Handout. Dit is vir ons n voorreg om te kan dien.









AQUNION

## QUALITY CONTROLLER

**(ROMANSBAAI FARM, GANSBAAI, WESTERN CAPE)**

**Aqunion (Pty) Ltd** is a dynamic, growing company that farms South African abalone for the Asian market. The company currently has two farms and a processing facility in the Overberg Region. We have an exciting opportunity available for a **Quality Controller in the Harvesting Department** to be based in Gansbaai**.**

**Primary purpose of position**

The primary purpose of the Quality Controller is to assist the Food Safety Supervisor in all aspects of Quality Control in the packing and purging facility. The main focus of the position is the daily performance of tasks required by the HACCP plan and hygiene SOPs of Romansbaai Food and Safety program.

**Key Performance Areas**:

- Apply Quality Assurance in the Harvesting and Packing area;
- Ensure Food Safety System; SOP and Hygiene Programme compliance;
- Daily Checks & Housekeeping application;
- Ensure all Biosecurity SOPs are enforced;
- Ensure Harvesting stations are prepared for live export and VAP Purposes;
- Audit & participate in Health & Safety compliance;
- Preparation for packing and Weekly stock take;
- Do internal audits

**Minimum Requirements:**

- A Matric certificate or NQF Level 4;
- Relevant additional studies (e.g Aquaculture and/or hygiene courses);
- Minimum 2 years farming/quality control/ stock management experience;
- Fully bilingual (Fluency in English and Afrikaans);
- Valid Driver's License;
- Physically fit and able to work after hours on short notice.
- Computer literacy (Intermediate);
- Ability to effectively manage a check-list system and to write reports;
- Preference will be given to fully vaccinated candidates in line with the organization's H&S regulations. Candidates with a legitimate medical condition, which prohibits them from receiving the vaccine, will be considered if they are able to obtain satisfactory medical proof.

Aqunion offers market related salaries, a healthy working environment and opportunities for continuous learning and development. The company supports the Employment Equity legislation. Internal applications are welcomed. Contactable references for external applications.

Please forward your application (with reference Quality Controller) ONLY by email to leentjie@aqunion.co.za

**Closing date:** 30 December 2022

**Commencement:** January 2023

*If not contacted within 14 days after the closing date, please consider your application unsuccessful.*

AQUNION

## ELECTRICIAN

**(ROMANSBAAI FARM, GANSBAAI, WESTERN CAPE)**

**Aqunion (Pty) Ltd** is a dynamic, growing company that farms South African abalone for the Asian market. The company currently has two farms and a processing facility in the Overberg Region. We have an exciting opportunity available for a self-driven, competent **Electrician** who has a passion for excellence to be based in Gansbaai**.**

**Primary purpose of position:**

Assisting the senior electrician with all electrical related maintenance, repairs and continuous improvement of the electrical reticulation network.

**Key Performance Areas**:

- Electrical, Repairs and Maintenance;
- Projects : Planning, procurement and costings of new electrical projects;
- Stock Control: Keep stock of all critical electrical components;
- House-Keeping;
- Staff supervision;
- Compliance to electrical regulations, Standard Operating Procedures and Occupation Health and Safety act.

**Minimum Requirements:**

- Senior Certificate and relevant electrical qualifications;
- 3 Years experience in the electrical field;
- Good written and oral communication skills with fluency in English;
- Computer literacy;
- Valid driver's license and own reliable transport;
- Candidate must be physically fit and willing to work in outdoor conditions;
- Willingness to be on duty, standby and work after hours if required;
- Contactable references;
- Preference will be given to fully vaccinated (COVID-19) candidates.

A market related remuneration package is offered and the company supports the Employment Equity legislation.

Please forward your application (**with reference Electrician)** only by email to leentjie@aqunion.co.za

**Please state your expected remuneration package per annum in your application.**

**Closing date:** 30 December 2022

**Commencement:** February 2023

*If not contacted within 14 days after the closing date, please consider your application unsuccessful.*

FINE & COUNTRY
fineandcountry.com

**PEARLY BEACH R 750 000**



Build your dream home. Enjoy the sea view. Stand of 1072m²
THEO 082 461 8475

**GANSBAAI R 1 750 000**



Three-bedroom home with garden cottage for extra income.
MIENIE 072 350 5737

**FRANSKRAAL R 1 895 000**



Home with a Good Location
MARINA 083 231 7237

**DE KELDERS R 3 180 000**



Spanish styled family home situated on a 1 028m² plot
MARIKI 072 589 5722

**DANGER POINT R 6 900 000**



74ha Seafront farm with 2 x 3-bedroom homes
MADELINE 084 243 0717

**FRANSKRAAL R 2 990 000**



Uninterrupted Sea & Mountain views. Elevated location.
DANIEL 072 117 3473

**PEARLY BEACH R 1 695 000**



Entertainer's delight. Family home. 3 Bed, 2 bath. Good security.
BERNICE 084 951 7700



*Merry Christmas from us all* FINE & COUNTRY

F&C
fineandcountry.com™

Fine & Country Gansbaai
26 Fabriek Street, Gansbaai / 028 007 0358 / gansbaai@fineandcountry.com

# Gansbaai SAPS Year End Award Ceremony



There comes a time when the men and women in blue should be recognized for their achievements. The Award Ceremony was held in style by Gansbaai SAPS at Rosemary's Country Kitchen on Tuesday 13 December 2022 at 10h30. Riaan Franken, Adam Botha and their team had prepared the garden area for the occasion; it was a beautiful morning and everything was perfect.

Lt Col Winston Coetzee welcomed everyone and a special word of welcome was expressed to Major Gen Mochologi and Gansbaai CPF Chairperson Julia Barlow. He stated that it was important to take time out to acknowledge the outstanding achievements of the Gansbaai SAPS members. Their good work does not go by unnoticed during their day-to-day work and members must know that they are valued and appreciated for their service.

Major Gen Mochologi was asked to hand over the certificates; she thanked Lt Col Winston Coetzee for inviting her to the event. In addition, she thanked the members for their service. She expressed her passion for 'one crime is too many' and stated that she is focused on crime prevention and is putting systems in place throughout her district. The awards received were:

**No Sick Leave taken for the year:**

Capt G Groenewald; WO A Visser; Sgt J A C Wiessie; Const X Dosi; Const N Mbanyaru and Const J B Meyer

**Best Operational Shift:**

C Shift: WO BJ Lourens; Sgt M S Desemela; Const A Mbalekwa; Const M M Lolwana; Const E A Kasper; Const M W S Arendse and Const S Mseswa

**Best Support Member:**

Mrs A Terblanche

**Best Vispol Member:**

Const N Puzo

**Best Detective:**

Sgt J A C Wiessie

**Certificate of Commendation (Exceptional Service to the Community):**

Gansbaai CPF Chairperson Julia Barlow

After receiving their awards, Chairperson Julia Barlow addressed everyone. She mentioned that the CPF's function is to hold SAPS accountable and to be the liaison between the community and SAPS. She said: “I find the wording of 'holding accountable' not favourable to me, as I feel that it is a partnership between CPF, SAPS, the community and all role players as without taking hands and working on ways to prevent crime together we will not succeed.” She stated that Gansbaai SAPS is her extended family and thanked them all for a job well done. She added: “I am proud of you all and I thank you for your service and assistance to me personally, you are a wonderful team. Keep up the good work, look after each other and stay safe.”

In closing WO Wynand le Roux thanked everyone for attending and also thanked Riaan, Adam and their team for a delicious breakfast. He extended a special word of thanks to Lt Col Winston Coetzee for his dedication, guidance and support to each Gansbaai SAPS member. A gift of appreciation was given to Lt Col Winston Coetzee.

**Julia Barlow**

**Gansbaai CPF Chairperson**










# Follow the correct procedure to log faults with Eskom

**-Eskom directly supplied customers-**

Overstrand Municipality was inundated by complaints from Eskom directly supplied customers in Fisherhaven, Vermont, Onrus, Hemel-en-Aarde and certain areas between Die Damme and Hermanus as well as Betty's Bay, Pringle Bay as Rooiels, about power failures over the past two weeks and lack of communication and updates from Eskom.

Overstrand Municipal staff and Councillors are also entirely dependent on Eskom about informing us of power outages and the duration there off, etc. To effectively assist customers, Eskom shared its complaint handling process for customers whose query/fault is not attended to or has not been resolved to their satisfaction.




If your query/fault has not been attended to within 48 hours, please direct your complaint to the responsible Customer Relations Manager during weekdays. Please provide your reference number.

**Step 1:**
Call or whatsapp Lizette Schulze on 068 209 6532.

**Step 2:**
Call the Western Cape Customer Relations Manager if the query/fault has not been resolved. Contact David Ockhuis on 078 269 1917.

**Step 3:**
E-mail the Western Cape Senior Customer Services Manager, Khazasa Lobese: escalate2ExecWC@eskom.co.za

**Step 4:**
E-mail the Western Cape General Manager to escalate your query/fault: Mbulelo Yedwa: GMECape@eskom.co.za

**Overstrand Municipality**









COVID 19 Vaccine availability OVERSTRAND SUB DISTRICT DECEMBER 2022/JANUARY 2023

| TOWN | ADDRESS | ENTRANCE | CONTACT NR | SCHEDULE |
|---|---|---|---|---|
| HERMANUS CLINIC | Swartdamweg. Hermanus. | Turn left after York Cash and carry and use the entrance at security. Proceed directly to Clubroom | 028 313 5700 | Tuesdays and Thursdays 08h30 till 15H00 |
| GANSBAAI | Dutch Reformed Church rooms- Pretorius Hall. Gansbaai Main Road | BADISA OFFICE. Smaller rooms at back of Pretorius Hall. | 028 384 1917 | Wednesdays 09H30 t |
| KLEINMOND CLINIC | Cnr Main Road and Protea Road. Kleinmond | In the Protea Community Hall next to the clinic | 028 214 271 5807 | Tuesdays 09H00 till 14H30 |
| STANFORD CLINIC | Daneelstreet. Stanford | At the clinic | 028 341 0945 | 09H00 till 14H00. 1st Thursday of month |
| HAWSTON CLINIC | George Viljoen street. Hawston | At the clinic | 028 315 2063 | 1st and 3rd Friday of m 09H00 till 14H30 |
| MOBILE UNIT | Will do rounds in different areas/malls and public places | | | DAILY MONDAY TO F |

For more information or home visit for immobile people contact 028 3135279 or send a WhatsApp to Covid Hotline 0724103596.






# 'Daar is méér' - (Prof) Daniël J Louw

**-Verwondering in die oomblik van verwondering-**

"*Gewoonlik gebeur so 'n oomblik van verwondering wanneer jy verwond is en van gebrokenheid en sterflikheid bewus raak - pyn breek vreugde oop. Skielik is dit asof jy, soos met 'n periskoop vanuit die bedompige duikboot, óm die blinde kol van jou ervaring kyk, die lig weer sien, weer hoop ontdek, moed skep. Jy ontdek: 'n Estetiese kyk (waardeer) vóór die etiese oordeel (reg of verkeerd).*"

Daniël se nuutste boek, *Daar is méér*, is onlangs aan huis van emeritus predikant, Ben Blom en sy eggenote, Analie in De Kelders bekendgestel. Die bekendstelling is deur Johan Coetzee van Naledi, 'n bekende uitgewer in ons omgewing, gereël. *Daar is méér* is 'n mymering oor die spiritualiteit van skoonheid, sin, siel en sterflikheid - 'n outobiografiese reis deur '*Amper-Stamperland*' land. Hierdie publikasie van 700+ bladsye, wil die leser opnuut laat kyk na wie hy is, wie God is en hoe klink die '*Middel-C*' op die klankbord van Genade - dalk soos 'n sametrekkende derm?




**Gert Claassen (produksiespan), Daniël Louw (skrywer) en Johan Coetzee (uitgewer),**

'n Legio van onderwerpe, persoonlikhede, skilders, mucici, digters, skrywers, sport, kultuur, akademie, politieke leiers en verstommend baie meer, word in hierdie besonderse boek beskryf en omskryf - alles met die fokus op: "*Daar is méér as wat op die oog af sigbaar, leesbaar, voelbaar en hoorbaar is*"! 'n Enkele voorbeeld uit hierdie skatkis met kosbare inligting, is die volgende: "***Die pyn van versoening: Ek wens ek kan my deur jou oë sien:***

*In 1995 klop die Sprinbokke die All Blacks om die Rugby Wêreldbeker op Nuweland, Kaapstad te verower. President Mandela trek die Springbokke se trui oor sy kop, oorhandig die beker aan die kaptein, Francois Pienaar en 'n vloedgolf van nuwe patriotisme spoel oor 'n ras-gepolariseerde nasie. 'n Euforie van eenheid spoel oor die land. Die foto (Mandela en Francois) vang 'n ikoniese moment vas. Skielik verskyn die **méér** van wedersydse versoening op die radarskerm van mense se gemoed anderkant die grense van rassediskriminasie en xenofobiese vrees. Die metafisika van 'n versoenende heling daal op Nuweland neer. Ja, daar is spiritueel gesproke **méér**! Hierdie ikoniese oomblik skep spirituele heling.*"

**Die mens Daniël Louw**

Daniël is op 21 Augustus 1944 in Ceres gebore, waar hy ook grootgeword het. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Charlie Hofmeyer. Op 13 Desember 1969 tree hy in die huwelik met sy '*nooi in 'n nartjie*', Hermien. Vier kinders is uit die huwelik gebore: Wynand (51), Louis (48), Elrietha (47) en Lize-Marie (42). Daniël spog met 7 kleinkinders. Die egpaar se huis in Franskraal is in 1973 gebou toe daar net bosse en 'n twee-spoorpaadjie was. Wanneer hulle nie in Franskraal kom ontspan nie, woon hulle in Paradyskloofvilla, 'n aftreeoord teenaan die berg in Stellenbosch.

Daniël het filosofie en teologie aan die Universiteit Stellenbosch studeer, asook die Universiteit van Tübingen, Duitsland. Hy was predikant in die NG Kerk Wynberg (1972-1976), asook in Stellenberg (1976-1977). Daarna is hy dosent en professor in praktiese en pastorale teologie aan die fakulteit teologie op Stellenbosch, asook dekaan vanaf 2001 tot 2005. Om oor Daniël se akademiese kwalifikasies en ander aktiwiteite te skryf, asook oor sy verskeidenheid van boeke en wetenskap-artikels, is 'n onbegonne taak.

"Hierdie boek is opgedra aan Hermien, my hartsvriendin, wat steeds ruik soos my nooi in 'n nartjie!" het Daniël gesê.

**Hardus Botha**




GANSBAAI
SOMER AFSKOP
PARTY & DANS
GENERAL ACCESS
R250
TICKETS
EARLY BIRD
R195
TICKETS
PANORAMA WEDDING VENUE | FRANSKRAAL
26 DESEMBER 2022
JAY | SAMANTHA LEONARD | DJ DIRKIE | DJ WICO
dirkieg produksies
www.AfrikaanseVertonings.com
@dirkiegproduksies


GANSBAAI
OUJAARSDANS
& PARTY
GENERAL ACCESS
R250
TICKETS
EARLY BIRD
R195
TICKETS
SATERDAG
31 DESEMBER 2022
PANORAMA WEDDING VENUE | FRANSKRAAL
SLEGS 500 KAARTJIES BESKIKBAAR
KURT DARREN | DASSIE | DJ WICO | DJ DIRKIE
dirkieg produksies
www.AfrikaanseVertonings.com
@dirkiegproduksies


BAKGAT
promosies
SNOTKOP
29 DESEMBER 2022
FRANSKRAAL
Panorama Wedding Venue, Gansbaai
DEURE OPEN
18H00
VERTONING BEGIN
19H30
KAARTJIES
R230pp
URBAN INDEX
iTickets.co.za
KAN OOK BESPREEK BY:
SONJA: 071 554 1234 VENUE
CHRISTO / BAKGAT PROMOSIES: 082 895 5093
ANNETTE: 021 981 5010 / 084 443 1926 KANTOOR
EPOS: christo@bakgatpromosies.co.za
BAKGAT
promosies
STEVE HOFMEYR
30 Desember 2022
FRANSKRAAL
Panorama Wedding Venue - Gansbaai
DEURE OPEN
18H00
VERTONING BEGIN
19H30
KAARTJIES
R240pp
URBAN INDEX
iTickets.co.za
KAN OOK BESPREEK BY:
SONJA: 071 554 1234 VENUE
CHRISTO / BAKGAT PROMOSIES: 082 895 5093
ANNETTE: 021 981 5010 / 084 443 1926 KANTOOR
EPOS: christo@bakgatpromosies.co.za
www.bakgatpromosies.co.za
DANS EN KUIER NA SHOW




Lank, lank gelede,
onder 'n
skitterende sterrehemel,
is 'n kind in 'n stal
by Bethlehem gebore,
wat die wêreld die pad gewys het
na vrede en liefde.

Vandag, nogsteeds,
begin dit met net een,
kleine vriendelike-liefdevolle
gebaar...

*Geseënde Kersfees*
*en 'n mooi 2023 word u toegewens!*



SEEFF
Gansbaai
028 384 1444

Seeff




Hiermee wil die Trusteelede en vrywillige werkers van die Birkenhead Animal Rescue Centre (BARC) eerstens hul dank en waardering teenoor Gansbaai se gemeenskap, individue en die sakelui uitspreek vir volgehoue en gewaardeerde ondersteuning gedurende 2022 - baie, baie dankie daarvoor! Sonder daardie ondersteuning en donasies is BARC se voortbestaan nie moontlik nie.

Dan is dit 'n voorreg vir ons om al ons donateurs en ondersteuners, asook die gemeenskap van Gansbaai 'n Geseënde Kersgety toe te wens. Mag u en u gesinne die vreugde en vrede van Kersfees ervaar. Hiermee ook 'n wonderlike en Voorspoedige Nuwe Jaar aan elkeen van u. Ons bede is dat 2023 vir almal gesondheid, voorspoed en sukses sal oplewer. Geniet die vakansietydperk en kom veilig terug indien u na ander dele van ons land reis.

BARC Trustee & Vrywillige Werkers

Hiermee wil Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes se Bestuur, Personeel en Inwoners weer eens hulle opregte dank uitspreek teenoor ons Beheerraad, alle instansies, vissermanne (trawlers), donateurs, Goue Hande, Gans-Berg Nuus, vrywilligers en die groter Gemeenskap van Gansbaai wat ons deur die jaar bygestaan het met skenkings, donasies, ondersteuning en wat vrywillige hulp verleen het.
'n Opregte dank ook aan die Predikante en Pastore vir bidure, persoonlike besoeke en die geestelike versorging van ons inwoners.
Graag wil ons die hele gemeenskap 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2023 toewens.

John van Rooyen
Bestuurder

Dr H.C. Barnard
MBChB
Algemene Praktisyn

Mag u en u gesin geseën word met gesondheid, geluk en liefde. Geseënde Kersfees



Graag wens ek namens die Raad, Munisipale Bestuurder en amptenary van die Overstrand Munisipaliteit 'n ieder en elk 'n baie geseënde Feesseisoen toe. Die feesgety is normaalweg 'n tyd van refleksie oor die jaar wat aan die uitloop is en die nuwe jaar wat om die draai wag. Sommige van ons moet 'n eerste Kersfees sonder 'n geliefde vier en dit is emosioneel baie erg. Ander raak verloof of trou en kan nie wag om met 'n nuwe lewe te begin. Maak nie saak wat ons persoonlike omstandighede is nie, geniet dit wat u gaan doen, sien reikhalsend uit na 2023 en dank Ons Liewe Vader vir die baie seëninge wat so mildelik ontvang is gedurende 2022.

Kers- en Feesgroete!
Raadsdame (Dr) Annelie Rabie
Overstrandse Uitvoerende Burgemeester



Gedurende die Kerstyd herdenk ons die geboorte van Jesus Christus, ons verlosser. Almal is vol vreugde, vergewengsgesindheid en omgee vir mekaar. Oral vind daar gebare van welwillendheid plaas. Kerspartytjies word gereël vir bejaardes, kinders en minder bevoorregtes. Ons harte klop sommer warm vir ons medemens.

My wens is egter dat dit die heeljaar deur so moet wees - dat ons die gevoel van vreugde en welwillendheid met ons in die nuwejaar sal inneem en vir ons medemens die ekstra gebare van omgee deurgaans sal betoon. Dankbaarheid word dan respek vir mekaar. So sal die gemeenskappe waarin ons daagliks bestaan, 'n beter plek vir almal word.

Op see of op land, tuis of op die strand, op die plaas of tussen geraas, saam of alleen - mag julle almal 'n wonderlike Kerstyd en Christusfees beleef en mag 2023 gevul wees met vrede, vreugde, goeie gesondheid en voorspoed.
Dankie vir jul ondersteuning en saamwerk deur die jaar!

Raadsdame Riana de Coning

